MAR 0001-0003-006

Mark - Galery

**INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS**
**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

IN DEO SAPIENTIAE LUX

| Bron nr. | Datum | Onderwerp nr. | Knipsel nr. |
|---|---|---|---|
| 0 2 9 9 | 8 7 0 3 2 4 0 8 3 | | |

**Die Vaderland** Jg. 71 Nr. P. 15 Dat. 87 3. 24.

TREFWOORDE

1 ................

2 ................

3 ................

4 ................

5 ................

6 ................

7 ................

8 ................

9 ................

10 ................

# Mabaso stal uit in Mark

15 bl. Die Kunste.

DIE Mark-galery bied om 18h00 op 29 Maart drie uitstallings aan.

Die werke van Richard Mabaso, skilderye, sketse en beelde, sal saam met werke van die personeel van die Michaelis School of Fine Arts aan die Universiteit van Kaapstad uitgestal word.

Richard Mabaso is in 1950 in Alexandra gebore. Sy wedervaringe as beeswagtertjie in Gazankulu en die latere stryd om oorlewing in die swart woonbuurtes, is 'n integrale deel van sy ontwikkeling as mens. Mabaso, wat geen formele opleiding gehad het nie, moes eers verskeie bronne van inkomste soek, hy was selfs 'n gholfjoggie, voordat hy genoegsaam as kunstenaar ontwikkel het om 'n volwaardige uitstalling van sy werk te hou.

Van sy werke is ingesluit in die BMW Tributaries-uitstalling en hy is ook opgeneem in verskeie versamelings, onder meer die SA Nasionale-galery in Kaapstad. Mabaso is die afgelope twee jaar as gaskunstenaar werksaam by die Funda-sentrum in Soweto.

Die tweede deel van die uitstalling is 'n groep afdrukke getiteld Eighteen Prints deur personeellede van die Michaelis School of Fine Art, ter viering van die eeufees van vroue op die universiteit se kampus in Kaapstad 1886 — 1986.

Die versameling kan gesien word as 'n opvolg op die 1953 uitstalling, getiteld Twenty Prints wat werke van onder meer Battiss, Loubser, Preller, Stern en Welz ingesluit het.

Die opbrengs uit die verkope van die agttien afdrukke sal gaan vir beurse aan damestudente.

Die uitstalling van David Goldblatt, Homeland, wat ook op 29 Maart open, bestaan uit 40 foto's as kritiese waarnemings deur Goldblatt van die Suid-Afrikaanse samelewing sedert 1949. Hy het onlangs as direkteur van fotografie en mede-redakteur van Leadership Magazine bedank om homself voltyds aan die projek te wy.

Die uitstalling eindig op 25 April. Die kunssaal is Maandag tot Saterdag van 09h30 tot 23h00 oop.